Printed by Creda Communications

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ]	Woorde in vet druk tussen verkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
_____	Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WETSONTWERP

Tot wysiging van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), om sodoende die periode waarin eienaars van grond grondgebruikregte kan uitoefen, te verleng tot 23 jaar; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Wysiging van artikel 14 van Ordonnansie 15 van 1985

1. Artikel 14 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, word gewysig deur die vervanging van paragrawe *(a)*, en *(b)* in subartikel (2) deur die volgende paragrawe —

"(2) *(a)* Indien na die verstryking van 'n tydperk van **[21]** 23 jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie enige gebruiksreg ten opsigte van grond waarop die toepaslike bepalings van artikel 7 van toepassing is, nie uitgeoefen is nie, word die betrokke grond behoudens die bepalings van paragraaf *(b)* van hierdie subartikel geag gesoneer te wees in ooreenstemming met die aanwending daarvan, soos deur die betrokke raad bepaal, en verval enige toepaslike soneringskaart wat by genoemde verstryking bestaan.

(b) Behoudens die bepalings van paragraaf *(c)* van hierdie subartikel moet 'n appélkomitee voor verstryking van die tydperk van **[21]** 23 jaar in paragraaf *(a)* van hierdie subartikel vermeld of enige verlengde tydperk ingevolge hierdie subartikel deur genoemde appélkomitee bepaal, op aansoek van die betrokke eienaar en indien genoemde eienaar na die mening van genoemde appélkomitee verlies gely het of nog sal ly, genoemde tydperk of verlengde tydperk met die tydperk deur genoemde appélkomitee bepaal, met betrekking tot die betrokke grond verleng; met dien verstande dat sodanige verlenging vir 'n tydperk van minstens 5 jaar sal wees."

Kort titel

2. Hierdie Wet heet die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswet, 2007.

VERDUIDELIKENDE MEMORANDUM

ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985, WYSIGINGSWETSONTWERP (ORDONNANSIE 15 VAN 1985)

Artikel 14 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), het oorspronklik voorsiening gemaak vir die verval van grondgebruikregte wat vir ’n tydperk van 15 jaar na die inwerkingtreding van die Ordonnansie op 1 Julie 1986 nie uitgeoefen is nie. Dit sou dan behels het dat die betrokke grond geag gesoneer te gewees het in ooreenstemming met die wettige aanwending daarvan, soos deur die plaaslike owerheid bepaal. Hierdie bepaling is destyds in die Ordonnansie ingeskryf om voorsiening te maak dat langtermynbeplanningsbesluite, wat voor die inwerkingtreding van die Ordonnansie geneem is, nie *ad infinitum* voortbestaan nie.

Die Plaaslike Regering het die Provinsiale Regering versoek om hierdie aangeleentheid te ondersoek en ander maatreëls af te kondig voor 1 Julie 2001 wanneer die bogenoemde grondgebruikregte sou verval. Die Plaaslike Regering was bekommerd daaroor dat grondeienaars wie se gebruiksregte sou verval, moontlik eise vir skadevergoeding teen spesifieke plaaslike owerhede kon inbring.

Sedert 2001 tot en met 2004 is die aanvanklike periode van 15 jaar jaarliks met 1 jaar periode verleng maar na die verstryking van die periode in 2005 is die periode van 19 jaar verleng met ’n verdere 2 jaar. Dit word nou voorgestel dat die periode van 21 jaar verleng word met ’n verdere 2 jaar. Die verdere periode van 2 jaar sal die Departement in staat stel om toepaslike wetgewing te promulgeer.